

'Obsessie om af te reken'

In sy midloopbaan-uitstalling in die Pretoriase Kunsmuseum spook Anton Karstel met kwessies wat lê in die apartheidsera. **Johan Myburg** resenseer dié omvattende tentoonstelling wat strek van 1995 tot 2018.

Politiek is per definisie pragmaties. Net meer as twee dekades ná die vestiging van 'n demokratiese bestel in die land praat ons luiers van "voor 1994" en "ná 1994". Asof dié mitiese jaar oornag alle wanbalanse en agterstande uitgewis het.

Die besinnende gees gaan wel nie so vinnig te werk nie en die onderbewussyn verwerk sake teen 'n tempo van sy eie.

Al lê die werk van Anton Karstel in sy midloopbaan-uitstalling volledig in die postapartheidsera, beginnende in 1995, die jaar waarin hy sy meestersgraad aan Tuks behaal het, spook hy met kwessies wat verder terug in die geheue van die apartheidsera lê.

So onlangs soos 2017 herbesoek hy in skilderye die St. James-massamoord in Kenilworth in 1993 of die Kerkstraat-bom in Pretoria in 1983.


In 2012 skilder hy *Youth Day*, 'n reeks van meer as 120 vlagpale waaraan die destydse oranje-blanje-blou hang – van roerloos tot liggies wapperend. Dié skilderye is geskoei op foto's wat dateer uit 1966, gepubliseer in *Vigor*, 'n tydskrif vir liggaamlike

opvoeding, gesonde leefwyse en rekreasie. Die vlac is geskilder van stilgrepe uit 'n video wat Karstel se pa destyds met 'n Kodak-rolprentkamera geneem het.

Hoewel 1966 – die jaar waarin die vyfde bestaansjaar van die Republiek veral met massaginnastiekvertonings luisterryk gevier is – twee jaar voor Karstel se geboorte was, is dié taferele verteenwoordigend van die etos waarmee kinders in die 1960's grootgeword het – 'n etos wat sy wortels gehad het in die nasionaal-sosialisme van die vooroorlogse Nazi-Duitsland.

So begoënd was die bestel waarbinne kinders van daardie jare grootgeword het dat jy as kind van dié tyd met al jou kritiek en aweregse afkeer soms tog wel vir die propagandistiese nasionalisme geval het. Moontlik verduidelik dit die agterdog waarmee kinders van dié jare enige herlewing of nuwe manifestasie van nasionalisme nou bejeën.

Dit is dié soort agterdog, 'n (agterna) vermoede dat alles nie pluis is/was nie, wat 'n mens in Karstel se werk bespeur. Om dieselfde vlag in dieselfde formaat



"Prof." Ockert Stoltz en Jerry Gobosa, olle op doek.

meer as 100 keer te skilder, is 'n aanduiding van 'n obsessie om af te reken, om uit te wis, om desnoods vry te kom van indoktrinerende jeugheugenis.

Hoe betrokke en selfs gedrewe sy kwaswerk en aanwending van olieverf ook al is – dikwels in intense impasto en gelaagd asof daar 'n lewe onder die oppervlak is – kry 'n mens die gevoel dat Karstel as afstandelike waarnemer (*Onlookers*, 2016) die tonele wat hy skilder, betrag asof hy 'n verslaggewer is wat verslag doen

en bereid is om dit oor en oor te doen.

Só word byvoorbeeld motorwrake die een ná die ander feitelik aangebied, terwyl die spanning en angs en trauma alles in die verfwerk setel. Op dié manier word opgeblaasde motors, geduikte polisievangwaens en Caspirs voertuie van en vir 'n bestel waarin alles gewis nie pluis is nie.

Soos die portrette van premiers Verwoerd, Vorster en Botha. *Prime Minister (Verwoerd)*,

2009, teen 149 x 109,5 cm heelwat groter as die ander portrette, is in gedempte kleure 'n beeltenis van die sagmoedige Verwoerd wat 'n mens van foto's onthou; tog vaag omlynd en straks oorbelig, asof 'n mens net nie 'n greep kan kry nie op die drakoniese beleid waarvan hy medeskrywer was.

Hendrik Verwoerd se dood, 1994, geskilder 28 jaar ná die sluipmoordaanval, is geskoei op die bekende koerantfoto wat destyds geneem is; weliswaar gestroop van die statige graniettrappe van die parlamentsgebou en die bene van omstanders. Die baar met die toegekombersde lyk en die twee medici (dié een met trekke van 'n karikatuur) hang as't ware met 'n tydelike struktuur as agtergrond in limbo sonder om kant of wal te raak.

In albei dié skilderye, albei met bekende foto's as vertrekpunt, bevraagteken Karstel die gewaande stabiliteit wat ons graag aan betekenis heg. En slaag hy daarin om priemend te vra eerder as om seëvierend te sê.

Die agterdog wat blyk uit Karstel se taksering van gebeure strek ook oor die tyd ná 1994. In 1995, met die euforie van die reënboognasie nog vars in die voorkop, skilder hy "*Prof.*" *Ockert Stoltz en Jerry Gobosa*, twee figure, die een swart, die ander wit, wat neffens mekaar staan, elk met 'n arm oor die ander se skouer. Die afstand wat tussen dié twee figure gaap, is wel nie minder begoënd as die vergrype van die verlede nie.

Nie so vinnig nie, hoor 'n mens Karstel as't ware sê in dié uitstalling. Want niks is so eenvoudig soos wat dit lyk nie.

■ Tot 3 Maart.